11 Oktober 2026

Oggenddiens

Sing: Ps. 75:1,4; Ps. 75:6; Ps. 135:8; Ps. 18:11,12; Ps. 134:4; Ps. 89:1,6

Lees: 1 Tim. 3:1-16.

Teks: 1 Tim. 3:15.

Tema: Die gemeente van die lewende God word deur sy getroue dienaars in waarheid gerig.

***Die gemeente is die huis van God*.**

Paulus rus vir Timoteus verder toe met betrekking tot die ampsdraers van die gemeente. Die gemeente word as die huisgesin van die lewende God beskryf. Hierdie is nog ‘n beeld wat iets van die werking van die kerk van Christus vir ons duidelik maak. Met die beskrywing huis van God word die gemeente as ‘n gesin beskryf wat aan God en aan mekaar verbind is. Dit is verder belangrik om te verstaan dat dit die gesin van die lewende God is. God is die een wat die lewe aan sy kerk skenk. So word die gemeente van Christus geroep om in ‘n lewende gemeenskap met God en met mekaar te leef.

***Die gemeente word gerig deur dienaars*.**

Die lewende gesin van God moet hulle so in die huis van die Here gedra dat Hy daardeur geëer sal word. Vir hierdie doel het die Here manne met gawes begiftig om in die besondere diens van ouderling of diaken te dien. Hier gaan dit nie in besonderhede oor spesifieke roeping van die dienskneg van die Here nie, maar die eienskappe van die manne wat dien. Die diens wat hulle begeer is voortreflik en daarom moet hulle in hulle eie huise goed regeer. Dit word sigbaar in sy persoonlike lewe en sy huislike lewe.

***Die gemeente is die pilaar van waarheid*.**

Waar die gemeente deur die diens van die getroue ampsdraers leef sal dit in die wêreld staan as ‘n fondament en ‘n pilaar van die waarheid. Die waarheid dat Christus vir sy kerk gesterf het en uit die dood opgestaan het is die hoofinhoud van die belydenis. Dit is die basis waarop die kerk staan. Hierdie waarheid word nie deur die een of ander droom of visioen aan ons gegee nie, maar alleen deur die Woord van God. As gemeente van Christus het ons die roeping om as ‘n pilaar van God se waarheid soos Hy in sy woord openbaar in die samelewing te getuig.

Aanddiens.

Sing: Ps. 33:1,2; Ps. 118:1,7; Ps. 119:19,20.

Lees: Deut. 4:1-14.

Teks: Deut. 4:2; NGB 4,6

Tema: God se geskrewe Woord is ‘n volkome en genoegsame samestelling van sy wil.

Die wonder van die Woord se samestelling

Die Here maak Homself aan ons bekend deur sy Woord aan ons te gee. Hierdie geskrewe Woord van die Here het ons vandag steeds in die Bybel. Wanneer ons die Bybel lees dan sien ons daarin die volkome en genoegsame wil van die Here. in artikel 4 van die NGB bely ons dat die Here sy wil vir ons volkome saamgevat het in die boeke van die Ou en die Nuwe Testament. Ons kan dit met verwondering lees want hierdie wil van die Here is in die persoon en in die werk van Christus vervul.

Die volmaaktheid van die Woord se samestelling

Die wil van die Here wat vir ons in twee testamente saamgevat is, is volmaak. Teen hierdie boeke kan niks gesê word omdat dit kanoniek is. Daarin kan ons alles wat ons glo en waaruit ons leef meet. Daar kan niks aan toegevoeg of weggeneem word nie en dit is in sy volkomenheid waar en gesagvol, omdat die Here volmaak in ons lewe regeer. Die Bybel is nie woorde van mense oor God nie, maar is die Woord van God self. Dit is juis omdat die Here volmaak is dat sy Woord ook volmaak en betroubaar is.

Die genoegsaamheid van die Woord se samestelling

Saam met die volmaaktheid van die Bybel bely ons ook dat dit genoegsaam is. Alles wat die Here aan ons bekend wil maak om in ‘n verhouding met Hom te leef is genoeg. Daar is ook ander boeke wat ons die apokriewe boeke noem, maar hulle is nie dieselfde as die geopenbaarde Woord van God nie. Vanweë ons sondige natuur wil ons graag by die openbaring van die Here byvoeg of wegneem. Met dankbaarheid kan ons weet dat dit wat die Here aan ons geopenbaar het sodat ons in ‘n verhouding met Hom leef is genoeg.